**Saterdag 3 Desember**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 9:6-11; 16:1-4; 19:24-30 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: 2 Samuel 16:4**

## God se genade gee hoop

Wat ’n aangrypende stukkie geskiedenis! Die vertelling van ’n koning wat vinnig besluite neem en dit net so vinnig weer verander; van ’n dienaar wie se motiewe dalk nie altyd so suiwer was nie; en van ’n verlamde jongman wat geleer het om in nederigheid dit te aanvaar wat oor hom kom.

Ons fokusgedeelte wys ons op die dienskneg se reaksie nadat die koning so vinnig ’n hele klomp grond aan hom bemaak het. Siba het gesê dat hy hom neerbuig en toe vra hy dat hy genade in Dawid se oë mag vind. Dinamies vertaal die 1983-vertaling Siba se neerbuig as sy dankbaarheid teenoor Dawid, en sy begeerte dat hy genade in Dawid se oë mag vind as sy “hoop” dat hy Dawid altyd tevrede sal stel. So word ’n verband gelê tussen die genade wat Siba van Dawid verwag het en die hoopvolle verwagting wat hy oor homself gekoester het dat hy Dawid tevrede sal stel.

Hiermee leer die Heilige Gees ons dat dit wat ons as Christene hoop – die sekerheid wat ons het dat God al sy beloftes aan ons in Jesus Christus in die toekoms vir ons waar sal laat word – gedurigdeur ons gebed om God se genade behoort te wees. Dat ons van ons kant die bede om God se genade sal leef en uitleef, in die wete dat alles wat Hy aan ons belowe het vir hierdie lewe én die ewige lewe, in ons Koning Jesus Christus waar en vas en seker is!

*Sing: Psalm 131:3 (1936)*

*Ds. JH (Harry) Cilliers (Reitz)*